Die **DROOMGENOOT**

**HERFS 2024**

droom
DIENS AAN RIVERSDAL
& omgewing

# Die DROOMGENOOT

*Goeiedag alle Droomgenoot-lesers,*
*Ek glo almal is gesond en aan die gang.*

*Vandag wil ek getuig oor hoe die storms (waarvan ons in die LENTE-uitgawe gepraat het) my lewe 'n bietjie ontwortel het.*
*Ek is onverwags einde November 2023 met kanker gediagnoseer. 'n Groot operasie het gevolg, maar ondanks my vrese het dit baie goed afgeloop.*


*Ewe skielik is jy in die groep van: hoe lank het ek nog om te leef (asof enige ander persoon weet hoe lank sy/haar tydjie op die aarde is), ek moet chemo kry – hoe erg gaan dit wees, gaan dit help? Ek word by gebedsgroepe gevoeg, mense vertel elke dag hoe baie hulle aan my dink en vir my bid. Dit is 'n vreemde situasie – nie die feit dat mense aan my dink en vir my bid nie, maar ek hou nie van die kollig op my nie en ewe skielik, deur 'n siekte, is die aandag op my. Ek waardeer dit egter en begin om dit ook te aanvaar.*

*By die werk gaan dit nie goed nie, die chemo breek my immuunstelsel af en omdat ek by 'n groot kleuterskool werk, is dit moeilik om weg te bly van die kleuters af. Hulle voel ook dat ek nie medies geskik is om verder te werk nie (wat ek verstaan, want die chemo takel my af). Ewe skielik is ek nou sonder salaris en moet ek vining planne maak.*
*Een nag droom ek ek is terug op Riversdal, nooit in my wildste drome sou ek dit voorsien nie. Ek begin navraag doen en sowaar….. alles begin in plek val. Dit was nie maklik nie, ek wou eers teëskop, maar het besef ek het hulp nodig en hier het ek nou die kans.*
*Hier is ek nou, gepak en uitgepak tussen chemo-sessies wat die lewe uit jou neem en alles binne jou aftakel. Een chemo sessie (hopelik) lê nog voor en dan is dit net vorentoe kyk. Ek weet nie hoe die res van my lewe gaan verloop nie (net soos niemand anders weet wat die toekoms inhou nie), maar danksy vriende,*

*familie en my eie geloof en gebede, glo ek dat wat ookal mag gebeur, die beste vir my sal wees.*

*Ek het soveel nuwe vriende gemaak die afgelope 5 maande, soveel gegroei in my geestelike lewe en afhanklikheid van God, so baie geleer oor dinge waarvan ek niks geweet het nie, 'n nuwe tuiste gevind, ek kan aangaan en aangaan.*
*Maak nie saak wat gebeur nie, my lewe is uitgelê en ek is veilig in God se hand.*

***Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here***
***Voorspoed en nie Teenspoed nie***
***Ek wil vir julle 'n Toekoms gee, 'n Verwagting***
***Jeremia 29:11***




*Groete*
*Lise Veldsman*
*Tel:* *082 776 2595*
*Faks:* *086 6133 804*
*E-pos:* *lise@droomriversdal.co.za*



*EK glo in die SON, al skyn dit nie. EK glo in LIEFDE, al is ek alleen. Ek glo in GOD, selfs as HY stil is*

# UIT DIE BAAS SE STOEL

Dagsê vriende,

Terwyl dit heerlik reën en die Suidooste winde weer wys wie is baas, sit ek in my kantoor en sweet lang druppels. Hoekom? Dit is mos weer begrotingstyd. Ons het reeds aan die inwoners ‘n matige verhoging deurgegee, maar met die statiese subsidie asook die hoê loonverhoging wat deur die staat aangekondig is, sweet ek behoorlik.
Ag kom ons vergeet hiervan, waar ‘n wil is is ‘n weg. Kom ons kyk eers wat is die afgelope jaar gedoen of waarmee is ons besig. Die grootste natuurlik die solar instalasies. Die Admin-blok en Jan Lange funksioneer baie mooi, maar natuurlik moet Ou Meule ons moeilikheid gee. Nietemin is daar verder besluit dat ons Ou Meule, se krag, in totaliteit gaan oordoen alvorens ons die solar inwerking kan stel. Mense hierdie is ‘n kollosale uitgawe, maar ons probeer mos altyd die beste vir ons inwoners beding.
‘n Projek wat ons al lankal wou doen is die toemaak van die ramp area. Met baie insae het ons die produk laat maak en behoort dit verligting vir die reënerige wintersdae te skep.
Ons het ook aangegaan met die verfprojek, asook die verbeteringe aan die kombuis. Deesdae moet ons ‘n hele boek vol COC’s (“certificate of compliance”) kan voorlê.
Dit is nou vir gas, krag, kombuis, solar, stoom-uitlaatstelsels, brandweer-inspeksie, noodproduk-inspeksies asook gifspuit sertifikate.
As ons al die positiewe insette ten opsigte van ons plek en versorging ontvang, is alles die moeite werd. Dankie aan al my personeel vir hierdie groot onbaatsugtige diens.
Ons golfdag is na Oktober verskuif omrede ons hoofborg onttrek het. Die verkiesing eis alle gelde en borgskappe en kan later weer bespreek word.
Baie van ons inwoners het verhuis na ‘n beter plek (sterftes) wat ‘n baie groot finansiële impak gehad het, maar terseldertyd verwelkom ons talle nuwe inwoners.
Droom het ook ‘n permanente opleidings-beampte by versorging aangestel. Haar plig sal wees om alle personeel by die

versorgings-afdeling op te lei en deurlopend te help met nuwe opleiding en dat hulle huidige kennis sal opskerp.

Ondanks talle uitdagings sien ons uit na die jaar wat voorlë.

CJ Veldsman




## VONKE UIT DIE VUURKLIP (Mnr J Oosthuizen)

Goeiedag almal,

So met verloop van tyd het ek weer my woorde begin inspan want daar's goed wat my laat skryf. Dis my eerste Karooskryfie. Iewers sê ek dat Skeppergod, toe Hy die Karoo gemaak het, Hy fonteine, holtes en kuile gemaak het waar mens en dier hulle dors kan les. Wat ek nie gesê het nie is dat Hy rivierlope vir die groot reëns gemaak het. Die Burger sê dit reën in die Karoo en die Visrivier se walle oorstroom. Sutherland se kinders speel

in die reën. Drie weke terug was dit dor en droog. Môre, oormôre gaan die groen op die vlaktes uitbars.

**AGTERPAAIEMYMERING.**

Ons het besluit ons wil uit die nasionale paaie, waar padgebruikers soos besetenes jaag om eindbestemmings te bereik, wegdraai om te ontdek wat die agterpaaie vir oog, hart en siel te bied het. Ons het dekades se kyk- en beleefvreugde verbeur...

Soos die vorige keer, het ons op Britstown afgedraai en weswaarts Hoogland-Karoo se kant toe koers gekies om weer ŉ stuk van die vêr wêreld se mooi te geniet. Die plan was om weer op Williston, in die Hardemans-Karoo, te oornag en dan Suid-Oos koers te kry na Fraserburg.

Van Fraserburg af het ons weggedraai Sutherland, in die Roggeveld se kant toe, en daarvandaan het ons Suidwaarts gery tot op Matjiesfontein in die Groot-Karoo. Dit was lang paaie want in die Karoo is daar min kortpaaie.

Terwyl ons deur hierdie harde, ruwe, nog oral ongeskonde stuk wêreld gery het, het ek onwillekeurig begin dink aan Skepper God wat op Sy tyd en manier hemel en aarde geskep het. Ek het vir myself gesê dat Hy hierdie stuk aarde, op Sy tyd, doelbewus gemaak het sodat mense vir eeue der eeue, tot vandag toe, dit hulle woonplek kon maak.

So met die ry- en kykery het ek in my binneste iets vreemds ervaar. Ek het my herinner aan die Bybelse beskrywing van die skeppingsgebeure en God het, behalwe in die geval van die mens, na Sy skepping gekyk en gesien dat dit góéd was. Sekerlik ook so toe Hy, oor eeue heen, oor die Karoo in al sy fasette en ryke

verskeidenheid getuur het. Dit was vir my asof Hy dáár net so ʼn iets ánders wou skep.

Dit was vir my of ek Skeppergod met Sy groot, bak Skepperhande sien werk het. Oorle Ma sou vir my dalk ernstig-vermanend gesê het dat ʼn mens nie so oor die Here mag praat nie, maar ek wil tog, diep gelowig en met elke greintjie respek in my binneste vertel hoe ek daar in die Hardemans-, Nuweveld- en Roggeveld-Karoo, Hom "sien" werk het.


Anders as in Suid-Wes (Namibië) waar Skeppergod Sy winde laat waai om gedurig veranderende sandduine te vorm, het ek Hom daar met Sy groot Skeppershande "sien" werk. Op party plekke wat met gladde klippe besaai was, het Hy dit sommer net so gelos, maar op ander plekke het Hy hulle op netjies eenderse hope gepak of opgestapel. Sommer oral of in groepe en daar het Hy hulle deur die eeue laat lê totdat die son hulle nou-al blinkswart gebrand het.

A.G. Visser het Skeppergod die "Bouheer van die berge" genoem. Skeppergod se handewerk het Hy daar in die Karoo vir ons gelos tot vandag toe. Hy kon seker net ʼn magtige woord gespreek het en dit was daar, maar ek sien Hom waar Hy met Sy bak Skeppershande aan die werk gespring het om iets besonders te skep. In die barre, droë, onherbergsame Karoo sien ek God se handewerk!

As kind het ek my altyd verwonder as vernuftige operateurs van reuse grondverkuiwingsmasjienerie grond en rotse verskuif het om damme en paaie te bou. In daardie barre, onherbergsame stuk wêreld kon ek voor my geestesoog roep hoe Skeppergod met Sy reuse,

kragtige bakhande sonder masjienerie die Karoo gemaak het.
Met grond en rots en kleur het Skeppergod berge, klowe, valleie, heuwels, rante en koppe gebou. Hy het dit versier en mooi gemaak met ŉ malse kleurespel en perfekte skakerings. Daar is golwende hange waar bruin- en blougroen tussen rotsreekse deurslaan. Toe Hy klaar was, het Hy geharde gras, bossies en struike gemaak sodat daar kos vir mens en dier sou wees.
Sommige plat koppe en berge het Hy met kleurvolle rotsbanke gekroon en in ander gevalle het Hy skuins af of ópwaarts laag op laag rots met verskillende kleure en tekstuur gelê. Tussendeur het Hy plek gemaak vir oorhangkranse, grotte en rotsskeure om later vir mens en dier skuiling te bied.
Toe Hy klaar was, dag ek, het daar baie los klip en rots in verskeie vorms, groot en klein, rondgelê. Dis toe dat Hy hulle bymekaar gemaak en op mekaar gestapel het. Ek dink sommer vir ŉ speelse lekkerte! By baie stapelings het Hy sware rotse heelbo neergelê wat lyk of ŉ mens met ŉ hefboom of selfs ŉ ligte stootjie die rots na benede sou kon laat rol, maar daar lê hulle nou al vir eeue lank.
Op Vanrhynsdorp se Gifberg kan mens Skeppergod se beeldhouwerk opgewonde opmerk en van harte geniet en bewonder. Mens, dier, voël en reptiel is daar uitgebeitel vir oplettendes wat skerp kan kyk. Ja, blitsvinnig kyk, want baie van die uitbeeldings word net vir ŉ sekonde waargeneem. Iewers sal jy die “poeliesman met sy rewolwer” opmerk. Onthou, hy kyk dat niemand iets wegdra nie. Hy staan al eeue daar.

Wanneer die kunswerke uitgebeitel was, kan ek nie eens raai nie. Dalk was hulle nie eens uitgebeitel nie. Dalk was daar net enkele Skepperwoorde en dit was dáár en is tot vandag toe nog daar. Seker maar om ons te herinner wie die Kunstenaar was.
As ŉ mens in die vertes kol-kol groenigheid opmerk wéét jy God het ook gesorg vir die koele fonteinwaterlafenis om mens en dier se dors te les. Ja en Hy het ook kuile en holtes gemaak waar die skaars reënwaters, of dalk net watertjies vir dorstiges, opgegaar kon word.
En as my diepste mymering in Skeppergod se Karoolandskap my gedagtewêreld inkleur, kom ek vir ŉ wyle tot diepe besinning en dan bid ek: "Ek kyk op na die berge. Waarvandaan sal my hulp kom?" en dan weet ek: "My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het."
My mymering laat my sing: "O Heer my God, as ek in eerbied wonder en al U werke elke dag aanskou, die son en maan, die aarde, sterre, wolke: Hoe U dit elke dag so onderhou. Dan moet ek juig, my Redder en my God! Hoe groot is U, hoe groot is U, want deur die hele skepping klink dit saam: Hoe heerlik Heer, U grote naam!
Die God wat hemel en aarde gemaak het, het jou en my toe reeds in gedagte gehad... en Hy ken en roep ons op ons naam.







# OOM NOLLIE SE VRUGTELOSE SOEKTOG.

Sekere goed aan 'n man se lyf het in die volksmond verskillende name. My dierbare oorle skoonpa was nie 'n man van baie woorde nie. As ek vir hom een of ander onsinnige ding gevra of voorgestel het, het hy my net so skeef aangekyk, 'n trek aan sy pyp gegee, die rook uitgeblaas en fronsend vir my gesê: "Ag jou grote ou hol man! Dink jy …" en dan het ek geweet hy verwys nie na my oor nie. Oom Doors het sy sê-ding gehad as sy seuns iets verloor het: "Ja jong, as jou hol nie aan jou vas was nie, sou jy hom ook iewers laat lê het." So het die stuk anatomie heelwat ander name wat liewers verswyg word. Oor die biologiese benaming kan daar darem seker nie beswaar wees nie en daarom wil ek vertel wat vriend Fanie, veearts op Delmas, een aand vertel het. As 'n onbekende ding soek raak, kan dit lol. Dit was nou een van daardie stories wat mense so laat lag, dat hulle later vir mekaar se lag begin lag – veral as name van kennisse vir die storie gebruik word. 'n Mens sien mos dan die persoon in die situasie en almal het iets by te lasse.

Elke plattelandse dorp het het mos nou sy mense wat saam oud word en op die ou end so een na die ander aftree of afsterwe en dan begin die volgende geslag oorneem. So het die dag aangebreek toe ou dokter wat almal se mankemente, kwinte, kwale en skete geken het, vir die soveelste keer aftree. Hierdie keer was dit finaal en jong doktertjie het vars uit die universiteit uit oorgeneem. Die nuwe spreekkamers het meer na 'n hospitaal as ou dokter se kuierplek gelyk. Jy kon ook nie sommer net inkom nie en die juffertjie agter die toonbank het gesê jy moet wag, tot doktertjie na jou kon kyk, nadat sy fronsend deur die boek geblaai het. Tussendeur het sy iets gemompel oor mense wat nie afsprake maak nie.

So gebeur dit toe dat oom Nollie die jong doktertjie opsoek vir middersyne vir sy oumanskwale wat weer begin lol het. Anders as ou dokter wat sommer dadelik geweet het wat fout is, het doktertjie allerhande vrae gevra, hier gedruk, daar gevoel voordat hy die kwaal 'n naam kon gee. "Oom dis maar normale

konstipasie wat dikwels voorkom. Ons sal die ongemak gou opklaar”, het doktertjie vriendelik gesê. “Ek skryf vir oom die jongste medikasie voor, maar let daarop dat dit per anus ingeneem word. So 'n bietjie Vaseline sal baie help En dis nogal 'n goeie ding om'n paar pruimedante in die sak te hê om dan so deur die dag te eet.” Half beteuterd het oom Nollie dankie gesê, gegroet en uitgestap. Vir die eerste keer het hy medikasie gekry en toe verlang hy na ou dokter wat vir hom middersyne gegee het en nog tyd gehad het vir ‘n vinnige, skelm pyprokie agter onder die vyeboom.

Terug by die huis het hy stuurs sy bedenkinge uitgespreek oor die doktertjie en sy vreemde maniere en “mettekasie”. “Dan praat hy ok nog van konsternasie of katkisasie, of so-iets. Watwou, hou hy sy lyf nou predikant ook!?” Tant Nellie wou weet waarom hy so beswaard lyk en of daar dan nou fout was. Hy het sy laaste koffie gesluk en toe kom dit: “Wat vir ‘n ding is ‘n anus, en het ons een?” Tant Nellie was effens uit die veld geslaan voor sy kon antwoord. “Genade, my ou man, nee jong maar wat wil jy nou met so ‘n ding maak?” wou sy weet. “Jong, dis nou die doktertjie se pille wat, lyk my, te groot is om sommer net af te sluk en nou per anus ingeneem moet word”, het hy knorrig geantwoord.”En het jy nog Vaseline?” “Nee,” seg sy. “maar daar is darem nog 'n smeerseltjie Vicks oor.” Na ‘n ruk wat elkeen met eie gedagtes besig was, het tant Nellie ‘n voorstel gehad. “Kom ons gaan vra vir ou Grieta. Sy kan dalk so ‘n ding hê.”

Ou Grieta het hulle vriendelik en hartlik ontvang en tant Nellie het gou met die deur in die huis geval. “Jong, my ou man het nou dringend ‘n anus nodig en toe wonder ons nou of jy nie vir hom een het nie.” Tant Grieta het diep gedink en toe kopskuddend gesê dat dit nou die een ding is wat sy nooit aangeskaf het nie. Sy kon ook nie onthou of sy ooit so ‘n ding nodig gehad het nie. Tydens die groetery was haar raad dat hulle by ou Piet Kla moes gaan probeer.

Nadat Piet al sy klagtes uitgeryg het, het oom Nollie sy woordjie ingekry oor sy soeke na ‘n anus. Kopskuddend het ou Piet begin

kla: “Ja man dis nou ‘n ding. Ek het net begin boer toe kom die gladdebek Jood by my en hy smeer toe die ding, die vergalste anus gedoente, aan my af en vertel my toe g’n boer kan sonder hom klaarkom nie. Om die ding dan nou gouer te kry moes ek hom betaal en dan sou hy hom later die middag bring want hy moes die ding by sy bestuurder gaan afhaal en wys hoe hy werk. Nou sê ek vir jou die vuiles het nooit teruggekom nie en ek sit tot vandag toe sonder my anus. Magtag, man nou’s ek eers die swernoot in!” Na nog ‘n paar klagtes het Piet gewonder of Kerneels Het Al’s nie dalk een het nie.

By Kerneels uitgekom wou oom Nollie nie tyd mors nie en het hy gou vir Kerneels gevra of hy nie vir hom sy anus wou leen as hy een gehad het nie. Kerneels het sy snorbaarde ‘n paar keer gepluk, sy ogies op skrefies getrek en diep gedink. “Jong ja, my oorle ou skoonma het hare vir my nagelaat. As ek nou reg onthou was hy in die droëperskekis sodat die rotte hom nie kon bykom nie. Man, en toe’s dit mos die bankrot*vandisie* toe my ou grondjie en alles wat ek gehad het onder my gat uit verkoop is. Nee man, ek kan jou nie help nie maar hoekom loop vra jy nie vir ou Hans Kraai nie. Hy versamel mos al wat ‘n ou ding is en die ding wat jy soek klink vir my of hy baie oud moet wees. Jy kan by Klein Koos Windgat gaan probeer maar as hy een gehad het sou hy hom teen die tyd deur sy agterent getrek het.

Redelik moedeloos het oom Nollie na Hans Kraai toe aangestryk en gou na die groetery sy nood bekla. Hans Kraai het lank in die verte gestaar en toe afgemete begin praat: “Jy’s opsoek na ‘n anus en nou slaan my ou verstand toe. Wat vir ‘n ding is dit wat jy soek en wat wil jy op jou oudag met die ding maak?” Oom Nollie het, half omgesukkel, so verduidelik: “Man, jong doktertjie het my kastige mettekasie gegee wat omtrent soos 303 patrone lyk wat ek per anus moet inneem. Sluk, kan jy hulle wragtag nie. Man, en ek moet die goed inkry”. Toe Hans Kraai weer so ‘n plukkie aan sy pyp gegee het, was die vinger in die lug.”Ja man, wag so ‘n bietjie. Nou kom die ding in my geestesoog op. Die ding wat jy soek was so ‘n gelerige, tregterige gomlastiekding wat amper soos ‘n kalftiet lyk

waarvan ‘n stukkie van die suigkant afgesny is. Ja man, dis wat jy soek. Dit moet ‘n anus wees!” Toe’t oom Nollie met groot verligting ten minste geweet waarna hy soek. “Nou het jy vir my een?” het hy half smekend gevra. Hans het gekug, sy kenbaard gepluk, gefrons, sy kop skeef gedraai en sy antwoord was die laaste strooi. “ Ou Nolla, jy weet en ek weet daar’s omtrent nie ‘n ding wat ek nie het of gehad het nie maar ‘n anus… nee dié het ek nie.”

Oom Nollie het beswaard gegroet en is reguit jong doktertjie toe. Die juffertjie by die spreekkamer kon sien daar is nie tyd vir afspraak nie. Daar was ‘n onstuimigheid in die wagkamer en sy het saggies oor die foon met doktertjie gepraat. Oom Nollie het kop onderstebo gesit en na ‘n rukkie het sy vir hom die deur oopgemaak dat hy kon ingaan. “Wat is dit dan nou vandag, oom? Voel oom nog nie beter nie? Praat maar gerus.” Oom Nollie het die pak medikasie voor doktertjie neergeplak, sy groot hande op sy knieë gesit en drifting begin praat: “Hier sit ek nou jou anusmettekasie voor jou neer. Nie ek of iemand van Grieta af tot by Hans Kraai het g’n inkelte meer ‘n anus nie. En nou sê ek vir jou ek kon die goed net so wel die spul in my agterent opgedruk het. Gee nou vir my van ou dokter se middersyne lat ek gesond kan raak.”

Jong doktertjie het geweet wanneer om rustig te luister en hy het vir oom Nollie sy nuwe middersyne voorgeskryf en hy het gewonder waarom hy nie maar vir hom verduidelik het dat dit presies was wat hy met die vorige medikasie moes doen nie. Maar toe onthou hy: “You can’t teach an old dog new tricks.”

Hy't sy nuwe mirresyne by die apteek gaan kry. Dit was nie pille nie. Dit was so 'n plat blikkie, omtrent so groot as 'n groot skoenwaksblikkie en op die blikkie was die naam Senakot en binne-in was iets wat na konfyt gelyk het. Op die blikkie het gestaan hy moet 'n teelepelvol eet, maar hy dog toe 'n *desert*lepelvol sal beter wees. So gedink, so gemaak en hulle is vroeg bed toe.

Vroegoggend, toe hy 'n slag terugkom, was tant' Nellie besorgd. “Ai, my ou man, jy't maar 'n onstuimige nag gehad! Kort-kort is jy die donkerte in kleinhuisie se kant toe en dit sonder 'n toorts. Ai foeitog.” Toe hy weer sy lê gekry het, het hy geantwoord: “Nou vir wat lê jy jou en bekommer? Ek kén mos die paadjie en ek kén mos my sit!” Hulle het net ingesluimer en toe breek die dag en dit was al verby opstaantyd.

Hulle het in die kombuis sit en koffie drink en oom Kerneels het tant' Nellie geprys vir haar anysbeskuit. Sy't goedig geglimlag en verder opgemerk: “Ja, jy lyk darem vanmôre nie so bedremmeld nie en ek kan sien jy voel weer beter.” Met sy ou self het hy saamgestem: “Ja, my liewe vrou. Nou's als weer reg. So reg soos 'n roer, kan ek maar vir jou sê. Nou's dit eers weer kraal toe.”

So 'n week of twee later was dit weer so. Hy't sy sweep gevat en kraal toe aangestryk. Hy was skaars weg of hy's weer terug. “En nou my man?” wou sy weet. Daar was 'n amperse vonkel in die oog: “Ou Nellietjie, jy't nie dalk vir my 'n handvol pruimdante nie? Net so vir die wis en die onwis.... 'n mens weet nooit!”

**Groete tot ‘n volgende keer.......................................**






# OPLEIDING EN SOSIALE AFDELING

Met die hulp van die gemeenskap se mense en skole kon ons die 2023 jaar by Droom op ‘n mooi en hoë noot afsluit.  Ons is besoek en bederf met - van uitstappies en  kuiertjies tot heerlike etes.

**Ons inwoners gaan steeds voort met elke tweede Woensdag se aktiwiteite, wat hulle self reël.**







**Ons het die vooreg gehad om die Afrikaanse sanger, Blackie Swart, by ons te hê. Die inwoners het sy musiek baie geniet en het 'n danspassie of twee ingewerk. Daar was natuurlik iets lekker om te eet saam met die goeie musiek.**














**Sommige van Riversdal se skole het Droom se inwoners bederf met optredes, geskenke en heerlike eetgoed.**

**Hieronder sien u Laerskool Volschenk se koor en van die personeel, ouers en bestuur. Dié skool het ook vir ons inwoners 'n groot fondsinsamelings-geskenk gegee.**









**Hoër Landbouskool Oakdale het ons inwoners met hul skoolbusse  aangery na hul skool. Hier is die inwoners bederf met  die skoolkoor se sang en die skool-orkes. Dit was 'n lekker sonskyndag en Droom se inwoners kon op die skoolterrein rondbeweeg en ook die museum besoek.**








TOYOTA


BEDIENING-
SENTRUM
AGRI
OLD MUTUAL




TOYOTA


OAKDALE
MUSEUM

**Die NSRI het ons kom besoek met 'n baie interessante inligtingsessie met foto's, videos en sleutelhouers. Liezel het ons ingelig oor hoe groot die NSRI is en hoe 'n groot verskil hulle maak in ons land en omgewing. Inwoners het dit baie interessant gevind en geniet.**











**Droom was in die bevoorregte posisie om vir die inwoners 'n heerlike Kersete te kon gee. Die gemeenskap het skenkings gegee - van kos tot hulp met die versiering van Droom se saal. Om saam nagmaal te kon gebruik was vir Droom se inwoners 'n hoogtepunt. Daar is in elke afdeling in ons tehuise kersliedjies gesing.  Sommige van die inwoners het 'n koortjie gevorm. Dit het bygedra tot die feestelikheid van die oggend.**












**Riversdal se jaarlikse landbouskou is elke jaar 'n groot hoogtepunt vir Droom se inwoners. Op uitnodiging van die skoukomitee is Droom se inwoners bederf met 'n heerlike ete, wat bedien is deur leerders van Hoërskool Langenhoven. Inwoners kon rondloop om die skoudiere en die stalletjies te besigtig.**








**Droom en Feedem het besluit om, in plaas van vir elke inwoner 'n paaseier te gee,  liewer die eiers weg te steek sodat die inwoners dit kan soek. Die inwoners het dit geniet om die eiers te soek en was dankbaar teenoor Feedem en Droom.**








## Opleiding

Droom kon van die aflospersoneel permanent aanstel. Sodoende is die versorgingspan versterk en kan daar nou beter dienste aan die inwoners gelewer word.

Ons personeel kry 2 tot 3 keer per week opleiding en praktiese evaluerings word deurlopend gedoen.

'n Baie groot dankie aan die gemeenskap van Riversdal en omgewing, asook die skole, kerke en ieder en elk wat op een of ander manier by die Droom-familie betrokke was en steeds is. Dankie dat julle ons help om die daaglikse handel en wandel van al die inwoners onder Droom se dak so aangenaam moontlik te maak. Dit was en is heerlik om saam met elkeen van u en ons Hemelse Vader betrokke te wees by die Droom-familie.

Groete en liefde
Cornell Malherbe



## HCBC Projek (Home Community Base Care)

**Mediese kalender 2024 (April -Junie)**
Belangrike dae om in gedagte te hou:

**ARPIL:**


- Algemene gesondheids-bewusmakingsmaand

2 April: Wêreld Autisme bewusmakingsdag
7 April: Wêreld gesondheidsdag

**MEI:**

- Teen-rook bewusmakingsmaand

7 Mei: Wêreld Asmadag



12 Mei: Internasionale verpleegstersdag
Internasionale Verpleegstersdag word jaarliks op 12 Mei gevier – die herdenking van die geboortedag van Florence Nightingale, wat as die moeder van die moderne verpleegkunde beskou word.







15 Mei – 15 Junie: Tooi Turkoois vir Bejaardes





17 Mei: Wêreld Hipertensiedag
31 Mei: Geen-rookdag

**JUNIE:**

- Manne Gesondheidsmaand
- Wêreld Bloedskenkdag
- Nasionale Jeugmaand

14 Junie: Wêreld Bloedskenkdag




15 Junie: Wêreld bewusmakingsdag teen Mishandeling van die bejaarde




16 Junie: Jeugdag

# DROOM HCBC-SPAN vir 2024/2025

Sedert 2004 bestuur en administreer DROOM die HCBC, Tuis- en Gemeenskapsgebaseerde Sorg-program, in die Hessequa area. Hierdie projek was voorheen bekend as die EU-projek (Europese Unie). Die projek het begin met
3 versorgers, soos hulle bekend was, met 'n koördineerder. Aangesien ons in 'n landelike gebied woon, is werk baie skaars en die HCBC-projek is 'n belangrike werkskeppingsgeleentheid. Die Departement van Gesondheid het geleidelik die befondsing van die EU oorgeneem en sedert 2009 is die Departement van Gesondheid ten volle verantwoordelik vir die befondsing van die projek. In samewerking met die plaaslike kliniek (PGS) verskaf ons gesondheidsorg in - Riversdal, Garcia, Vermaaklikheid, Heidelberg, Slangrivier en Witsand.
'n Koördineerder, toesighouer, 2 HAST-beraders, 1 ISH CHW en 30 Gemeenskapsgesondheidswerkers is in diens. Van ons gemeenskapswerkers is al 19 jaar in ons diens.
In samewerking met verskeie rolspelers soos die plaaslike munisipaliteit, verskillende kerke, Brandweer, Working on Fire, Kankervereniging, Polisie, Departement van Gesondheid, Besigheid, ACVV, plaaslike Skole/kleuterskole, Departement Maatskaplike Dienste en die Verkeersdepartement, probeer Droom om 'n verskil in ons gemeenskap te maak. Die gemeenskap maak saak en elke menslike kontak moet waardig voel.
Die welstand van ons gemeenskap is deel van ons missie. Deur inligtingsessies, gemeenskapsuitreike, optogte, verbetering van infrastruktuur, bystand gedurende die Covid 19-tydperk, chroniese medikasie buite die perseel, besoeke aan kleuterskole, versorging van gemeenksapslede soos verwys deur DOH, wondsorg, vitamien A/diarree/polio-uitreik/inenting/MMC/papssmeer-uitreike probeer ons gesondheid en welstand bevorder.
Die **COPC-area** waarvoor ons aansoek doen vir befondsing gedurende die tydperk van 2024 - 2025:
☐ Riversdal/Vermaaklikheid/Garcia
☐ Heidelberg/Witsand

☐ Slangrivier

## DOEL

Droom HCBC fokus op die bevordering en voorkoming van gesondheidsiektes in die gemeenskap van gesonde volwassenes tot veroudering, moeder en pasgeborenes, kind en adolessente, seksuele en voortplanting. Ondersteuning van alle behandelings: TB, MIV/ARV, Chroniese medikasie – PACK, Immunisering en ondersteuning na die gemeenskap buite die kliniek. Ons ondersteun en bemagtig kliënte en pasiënte om 'n gesonde samelewing te word en te bly, om selfbestuur en selfversorging van hul eie gesondheid by die huis, werk en sosiale omgewing te doen: persoongesentreerde sorg.
In 'n geografiese gebied doen ons gestruktureerde huishoudelike besoeke, doen assessering van individue binne die huishouding. Gesondheidswerkers evalueer moontlike risikos van individue en huishoudings, sifting en identifisering van siektes en verwysing na Departement Gesondheid. As deel van die COPC-span wil ons bydra tot die beplanning en implementering van gemeenskapsgebaseerde aktiwiteite en welstand in ons gemeenskappe. Weeklikse besoeke aan ons kleuterskole in ons geografiese area is deel van die welstandsprogram. Saam met Departement Gesondheid verskaf ons ook welstandsprogramme aan die laerskole volgens die gesondheidskalender/programme.


**Bestuurspan** vir die nuwe kontrakjaar:
Chris Veldsman – NPO bestuurder
Melody Veldsman – Projekbestuurder & finansies
Michelle Strydom - HR



**HAST beraders**: Synthia Lotz (Heidelberg), Nomakaya Lethana (Riversdal/Slangrivier)
**ISH (School Health)**: Marlene Hendricks



**Riversdal gemeenskapswerkers**: Nicole Laverlot, Gwen Tieties, Nikita Jantjies, Hayley Vaaltyn, Andrea Vaaltyn, Dianne Stuurman, Liesle Charles, Pearl Adams, Lorencia Shand, Jesica Morris, Zelda Michaels, Julies Clivean, Monica Jansen, Marcelle Bosman, Hannelise Francies, Davoneuq Erasmus
Supervisor: Mary Jacobs
Geregistreerde Verpleegkundige (koördineerder): Sr Jason Slimmert



**Heidelberg Gemeenskapswerkers:** Joy-Mare Buis, Venita Fielies, Jenean Williams, Ruyonde Makriega, Mazanne Armoed, Rozanne van Rooyen, Judith Domingo, Melissa Konna.



**Slangrivier Gemeenskapwerkers:**
Desiree Swartz,John-Lee Roberts,
Semanthia Pieters



Herfs-groete
Melody Veldsman
(HCBC Projek)

# UIT DIE VERPLEEGAFDELING

2024 snel nou te vining verby… dit is waarlik al April en voel asof net nou die dag Kersfees en Nuwe Jaar gevier het.
Ons vra verskoning dat ons nie ‛n somer uitgawe uitgegee nie, maar as gevolg van omstandighede het ons net nie genoeg tyd gehad nie. Ons gholfdag wat verlede jaar in Februarie plaasgevind het, is uitgestel na Oktober.
Daar het ‛n redelike verwisseling van personeel plaasgevind vandat ons laas gesels het. ‛n Paar het 24uur kennis gegee en daar is ook personeel afgedank as gevolg van wangedrag. Daar is intussen weer nuwe aanstellings gedoen, nadat hulle ‛n geruime tyd afloswerkers was.

## Tannie Naomi Stander

Tannie Naomi het op 27 Februarie 2024 100 geword! Wat ‛n formidable ouderdom vir ‛n formidabele dame. Marie en Erna het vir haar ‛n partytjie gereël waar familie en vriende by Jan Lange saamgekom het en die dag saam met haar gevier. Daar was ‛n oormaat van eetgoed – soet en sout. Kleinkinders het spesiaal uit Engeland gekom om die dag saam met Ouma te vier. Wat ‛n voorreg was dit nie vir hulle nie! Tannie Naomie het, soos gewoonlik, pragtig gelyk. Dankie Tannie Naomie vir die wonderlike voorreg om tannie te kan ken en die voorbeeld wat Tannie vir ons almal stel.









**<u>Merle Ann Fielies</u>**

Dit is met groot hartseeer dat ons een van ons beste versorgers vaarwel moes toewens. Na bykans 28 jaar by DROOM het Merle Ann Fielies met vervroegde pensioen gegaan. Merle was 'n voorvatter en geen taak was vir haar te veel nie. Saam met haar kollegas by Jan Lange het hulle naweke op hulle eie gewerk. Merle kan baie staaltjies vertel oor haar tydperk by DROOM. Ek het eenkeer in die DROOMgenoot juis 'n staaltjie oor haar geskryf, wat met haar gebeur het toe sy by Ou Meule gewerk het. Merle was 'n persoon wat haar werk baie ernstig opgeneem het, altyd professioneel opgetree het en geen opdrag was te groot nie. Sy was trots om vir DROOM te werk. Ons gun jou die rus Merle en gaan jou insette en harde werk by Jan Lange baie mis. Jy laat 'n groot leemte by Jan Lange en die inwoners gaan baie na jou verlang.

Merle Ann Fielies



## **Skou Pannekoek**

En so het "ons maak weer so volgende jaar" aangebreek……DROOM het weer die voorreg gehad om die pannekoektafel by die skou te beman. Daar was van Woensdag tot en met Saterdag gebak. Dieselfde span baksters en rollers het kom aanmeld vir hierdie enorme taak. Grieta en Christa het voorgevat om die skofte te reël. My eggenoot was hierdie jaar nie beskikbaar om die geld te neem nie, toe moes ek die pos vul. Wat ons wel agtergekom het, was dat baie mense nie kontant by hulle dra nie en wou met 'n kaart betaal. Ons gaan wel volgende jaar 'n kaartmasjien hê.

Die spangees was uit die boeke. Daar was gelag en gesels, so tussen die pannekoek bakkery. Almal moes haarnette dra en die wat rol, handskoene. (vir sommige dames was dit nou nie vleiend nie… ha ha).

Ten spyte van die al die uitdagings het ons weer so R16 000 gemaak.

Laastens wil ons, as DROOM, die Skou-komitee hartlik bedank dat hulle nou vir die tweede jaar in 'n ry vir ons die staanplek gratis aanbied, asook die gebruik van die koelkamer om ons deeg en voorraad te berg.

Baie dankie aan Lucas Jacobs wat elke keer help om die tafels op te slaan, stofies op te koppel en alle voorraad aan te ry en dan heel laaste om alles weer af te slaan en terug te ry DROOM toe. Lucas, ek waardeer al jou hulp in die verband.

Net 'n paar fotos van die dames wat alles moontlik gemaak het!









# DIABETES

***WHAT IS DIABETES***?

Diabetes (Diabetes Mellitus – DM) is a severe life-threatening condition in which the body loses its ability to turn glucose (sugar) from food into usable energy. Muscles cells and other tissues in the body require specific levels of glucose to maintain their functions. The amount of glucose absorbed into the bloodstream and the method by which glucose enters the body's cells, is regulated by a hormone named INSULIN. Insulin is made in the pancreas.

People with diabetes either produce too little insulin, or their cells do not respond to its action, resulting in high levels of blood sugar. When sugar levels are above the normal range (>6.5mmol/L), the condition is called hyperglycaemia or impaired fasting glucose.

Diabetes that usually starts in childhood is sometimes called "Juvenile Diabetes" or "Insulin dependent Diabetes Mellitus". Today it is more commonly known as ***TYPE 1 DIABETES***.

Diabetes that develops later in life is called ***TYPE 2 DIABETES***.

## WHAT CAUSES DIABETES?

### *TYPE 1 DIABETES:*

The people suffering from this type of diabetes have little or ability to produce insulin and are entirely dependent on insulin injections for survival.

The cause is unknown, although childhood infections and genetic tendencies are two possibilities. The pancreas undergoes a change and the cells that normally produce insulin are damaged/destroyed.

This form of diabetes can appear at times of physical stress and during illness when the body produces more glucose.

### *TYPE 2 DIABETES:*

In Type 2 Diabetes the pancreas retains its ability to produce insulin, but either the quantity is inadequate for the body's needs, or insulin cannot be used to its full extent by the tissues. People who have this condition suffer from being overweight and require treatment, together with a strict weight-reducing diet and exercise program.

90% of people with Diabetes have **TYPE 2**.

## RECOGNIZING THE SYMPTOMS

### *TYPE 1 DIABETES*

The symptoms may vary, but can include:

- Frequent urinations
- Excess thirst
- Acetone breath (sweet smelling)
- Blurred vision
- Unexplained weight loss
- Irritability
- Cuts or bruises that is slow to heal
- Frequent infections
- Tingling or numbness in the hands and feet
- Itchy skin
- Recurring skin, gum or bladder infections
- Changes in appetite
- Recurring vaginal infections
- Abdominal cramps

## *TYPE 2 DIABETES*

People over the age of 45 may need to be screened with a fasting blood glucose test because more than often there is absence of symptoms.

## DIAGNOSING DIABETES

Testing a blood sample for glucose levels in a fasting state (no food for 8 hours before the test) will help diagnose Diabetes, however, confirming a diagnosis usually requires repeated measurements.

In addition to blood glucose testing, a test which measures the permanent adhesion of glucose to red blood cells (HbA1c) can provide information on the glucose levels in the blood over the previous 3 months. Levels should be >6.5%

Glucose tolerance tests may be necessary in certain cases. Diabetes may lead to other serious conditions, therefore, early detection is important.

## TREATMENT/MAINTAINING CONTROL OF TYPE 2 DIABETES

Diabetes control means keeping the level of glucose (sugar) in the blood as close to normal as possible. People living with Diabetes need to work closely with a health care team to maintain a balance between medication, blood sugar monitoring, diet and exercise. The goals of treatment are as follows:

Meal Plan

- To control weight
- To control blood glucose levels
- To control cholesterol levels

Diabetes Medication

- To improve insulin release
- To reduce available glucose
- To decrease insulin resistance

Blood Glucose Monitoring

- To help control the disease.
- To help prevent diabetic emergencies.

Exercise Plan

- To maintain muscle tone and physical fitness
- To lower blood glucose and cholesterol levels
- To increase sensitivity to medications
- To aid in weight maintenance

**COMPLICATIONS**

1. Coronary heart disease
2. Stroke
3. Neuropathy – nerve damage to peripheral nerves
4. Vascular disease – poor diabetes control leads to poor circulation in the blood vessels of the legs and feet. This affects the healing of wounds and infections. In extreme cases, gangrene can develop and lead to amputation.
5. Eye disease – blood vessels in the eye is affected. Overtime, this can lead to vision loss or blindness. Good blood glucose control can slow the progression of diabetic eye disease.
6. Glaucoma – build-up of fluid in the eye causes increased pressure and can damage to the optic nerve.
7. Cataracts
8. Diabetic retinopathy – when one of the arteries supplying the retina of the eye becomes blocked, blood flow diminishes, causing damage and eventually vision problems.
9. Nephropathy – kidney damage, when small blood vessels in the filtering units of the kidney are damaged, thus reduces the kidney's ability to remove waste and to preserve protein.
10. Periodontal disease – gum disease and mouth infections.

## EAT RIGHT TO LIVE RIGHT WITH TYPE 2 DIABETES

1. Eat three meals a day.
   Do not skip meals, space meals well throughout the day.
2. Cut down on fat, especially saturated fats. A low-fat diet is beneficial for your health.

| CHOOSE | AVOID |
| --- | --- |
| Plant oils - sunflower, canola and olive oil | Animal fats – chicken skin, processed meat, Vienna's |
| Nuts and avocados | Dairy products – coffee creamer, full-cream milk, creams, cheddar, and gouda |
| Soft margarines in tub | Sauces such as mayonnaise, full-cream salad dressing |

3. Eat more fruit and vegetables – at least 5 portions per day.
4. Include more beans and lentils.
5. Aim for two portions of fish per week.
6. Limit sugar and sugary foods.
7. Reduce salt in the diet.
8. Drink alcohol in moderation.

## ALPHABET FOR SENIORS

| | |
| --- | --- |
| **A's** for **arthritis** | **N** is **neuralgia**, in **nerves** way down low |
| **B's** for **bad back** | **O** is for **osteo**, bones that don't grow |
| **C's** for **chest pains**, perhaps **cardiac** | **P's** for **prescriptions**, I have quite a few, just give me a **pill** and I'll be good as new |
| **D's** for **dental decay** and **decline** | **Q** is for **queasy**, is it fatal or flu? |
| **E's** for **eyesight**, can't read that top line | **R** is for **reflux**; one meal turns to two |

| | |
|---|---|
| **F's** for **fissures** and **fluid retention** | **S** is for **sleepless nights**, counting my fears |
| **G** is for **gas,** which we'd rather not mention | **T** is for **tinnitus**, bells in my ears |
| **H** is for **high blood pressure** | **U** is for **urinary**, troubles with flow |
| **I** is for **incisions** with scars you can show | **V** is for **vertigo**, that's dizzy, you know |
| **J** is for **joints**, out of socket, won't mend | **W** for **worry**, now what's going around? |
| **K** is for **knees** that crack when they bend | **X** is for **X ray** and what may be found |
| **L's** for **lots of love** | **Z** is for **zest** I still have – in my mind! |
| **M** is for **memory** | |



**Gedagte vir die dag/week/maand/jaar**

**LEEF DOELGERIG!**

My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is!

**2 KORINTIËRS 12:9**

Vreugdevolle groete
Linda Botha




## MAATSKAKPLIKE DIENSTE

**Fil 2: 4-5**
**Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n. Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.**
Hierdie is 'n oproep deur die Apostel Paulus wat so van toepassing is op elkeen wat by DROOM betrokke is.
Die vraag sou wees, wat is die gesindheid wat in Jesus was, waarvan Paulus hier praat? 'n ander woord vir gesindheid is gewilligheid of bereidwilligheid. Kom ons maak dit op Jesus van toepassing.
Hy was gewillig om Sy hemelse woonplek te verlaat, 'n mens te kom word en aan die kruis vir my en jou te kom sterf.
Jesus verklaar self dat Hy nie na die aarde toe gekom het om gedien te word nie, maar om te kom dien of 'n dienskneg te

kom wees. Hy gaan verder om te sê dat niemand hom gedwing het nie, maar dat Hy sy lewe vrywilliglik (uit sy eie wil) kom aflê het.
Alles in ag genome het dit begin by Jesus se gesindheid of Sy hart. Omdat Sy gesindheid is om om te gee, was hy bereidwillig om sy eie lewe minder te ag sodat ander voordeel kan kry.
'n Afgetrede pastoor het eendag vir my gesê dat jou opinie (ons wil dit so graag laat hoor) jou reg is, maar dat jou gesindheid (hoe jy dit laat hoor) jou Goddelike verantwoordlikheid is.
Hier by DROOM gaan alles oor die bediening van diensbetoning! Albei hierdie woorde bevat die woord "diens". Gesindheid, vrywilliglik,bereidwillig en diens word alles in dieselfde asem gebruik.
As jy op die een of ander manier by DROOM betrokke is en hierdie woorde is nie deel van jou woordeskat nie, het jy dalk verdwaal en is jy op die verkeerde plek.
Of jy 'n werknemer, vrywilliger of familielid is, dit sal altyd tot ons inwoners se voordeel wees wanneer ons gesindheid in lyn met die van Jesus Christus s'n is.
Ons het sedert die begin van 2024 redelik sterfgevalle gehad, en ek wil hierdie geleentheid gebruik om elke familie ons innige meegevoel te betoon. Natuurlik is u verlies ook DROOM se verlies aangesien elke inwoner deel van ons groter familie raak en wanneer 'n inwoner afsterf dit ons hier by DROOM ook ten diepste raak.
Ons het egter ook heelwat nuwe opnames gehad en dit vul weer die kamers wat leeg gelaat was.
My ervaring is dat daar groot behoefte aan goeie versorging is en dat mense heelwat later na tehuise soos Droom kom, maar dat hul dan heelwat swakker is.
Ek kan werklik vandag getuig dat DROOM in goeie hande is en dat DROOM baie goed bestuur word. Ons is dankbaar teenoor Mnr. Chris Veldsman asook die Beheerraad wat DROOM se belange op die hart dra. Verder is dit mos ook God se besigheid en sal Hy altyd ook mooi na Sy mense en Sy besigheid omsien. Ons as personeel is mos net arbeiders in Sy veld.

Ek is altyd dankbaar wanneer ek sien dat mense God se struktuur verstaan en daarin saamwerk. Die Bybel praat daarvan dat ons mede-arbeiders saam met God is.
Die geestelike welstand van ons inwoners is natuurlik prioriteit en ons is dankbaar om op 'n gereelde basis geestelike programme en ondersteuning aan ons inwoners en personeel te kan bied.
Daar word op Donderdae by ons 2 tehuise Donderdag dienste aangebied vir ons inwoners, terwyl ons op Sondae by beide tehuise regstreeks in ons sitkamers na die uitsending van NG Moeder gemeente se dienste kan kyk.
Een keer per maand kom ons 2 NG predikante ook ons inwoners by beide tehuise bedien met Woord.
Dan is ek ook dankbaar om gebruik te kan maak van Theresa Van Vreden wat haar dienste beskikbaar stel wanneer inwoners individuele berading benodig.
Ons het ook 'n nuwe Sosiale Koordineerder aangestel in die persoon van Mariana Vermeulen. Sy bestuur ons sosiale programme, maar is ook verantwoordelik vir kamer besoeke. Omdat sy baie op die vloer rond beweeg is dit ook haar taak om my te ondersteun en in te lig wanneer inwoners geestelike bediening nodig het.
Om af te sluit. DROOM is in goeie hande, en met die regte gesinheid en bereidwilligheid sal u geliefdes altyd VEILIG & VERSORGD wees. U kan gerus wees!

Met liefde en omgee.

Riaan Bernardo
Maatskaplike dienste & Geestelike versorging.


Because of
your smile,
you make life
more
beautiful.
Happy...
Keep on
Smiling!
www.thequotesmaster.com

# Kontakbesonderhede

DROOM

Posbus 270

Riversdal

6670

| | |
|---|---|
| DROOM: | 028 7132526 |
| E-Pos: | ontvangs@droomriversdal.co.za |
| Web: | www.droomriversdal.co.za |

**2023/2024-boekjaar**

**Personeel:**

| | |
|---|---|
| Uitvoerende Bestuurder: | Mnr CJ Veldsman |
| DROOM Ontvangs: | Mev A vd Berg |
| Personeel-beampte: | Mev M Strydom |
| Finansiële-beampte: | Mev MG Veldsman |
| Departementshoof: Maatskaplike Afdelings: | Mnr CJ Bernardo |
| Sosiale Koördineerder: | Me M Vermeulen |
| Hoof geregistreerde verpleegkundige: | Suster L Botha |
| Geregistreerde verpleegkundige: | Suster U van Niekerk<br>Suster M Michaels<br>Suster E Jordaan |
| Ingeskrewe verpleegkundige: | Stafverpleegster RH Ponto<br>Stafverpleegster A Fortuin |
| Versorger Opleiding: | Stafverpleegster C Malherbe |
| Koördineerder Onderhoud: | Mnr JH Esterhuizen |
| Sosiale media: | Mev LA Veldsman |

**Home Community Base Care:** (Projek befonds deur Departement Gesondheid en bestuur deur DROOM).

| | |
|---|---|
| Administratiewe beampte: | Mev MG Veldsman |
| Koördineerder geregistreerde verpleegkundige: | Sr J Slimmert |
| Nie-professionele koördineerder: | Mev M Jacobs |

**Etekaartjies:**

| | |
|---|---|
| Weeketes: | R60,00 |
| Sondagetes: | R70,00 |
| Spesiale etes: | Prys sal verskaf word by navraag. |
| **Gastekamer:** | Tarief sal verskaf word by navraag |
| **Respytsorg:** | Tarief sal verskaf word by navraag |